

HOOFSTUK 9

BURGERLIKE BESKERMING IN DIE VAALDRIEHOEK

9.1 INLEIDING

Burgerlike beskerming kan omskryf word as die gekoördineerde aanwending van alle beskikbare middele om die gevolge van enige noodtoestand doeltreffend te bekamp. Burgerlike beskerming sou in werking tree wanneer 'n plaaslike regering op 'n noodtoestand gereageer het, hetsy natuurrampe of as gevolg van vyandelike aksie.¹ Veral drie redes het blankes onder die indruk gebring dat hulle oorlewing in die gedrang was. Die Britse eerste minister, Harold MacMillan, het in Februarie 1960 gewaarsku dat die winde van Afrika nasionalisme oral in Afrika gewaai het.² Die Sharpeville-voorval op 21 Maart 1960 het blankes laat glo dat swartes blankes gaan aanval.³ Die gebeure in die Kongo van Junie 1960, waartydens blankes vermoor is, het vrese versterk dat iets soortgelyk in Suid-Afrika kon voorkom.⁴ Dié redes het tot 'n herlewing in die benadering ten opsigte van burgerlike beskerming gelei. Die regering het 'n nasionale oorlewingsplan opgestel wat deur alle vlakke van regering uitgevoer moes word.⁵

¹ A. F. Bosman, *Burgerlike beskerming in die RSA en SWA* (Inligtingstuk in besit van R. Klopper, s.j.), p.1; Vgl. ook Anon, "Die nywerheid en burgerlike beskerming", in *Vaalweekblad*, 27.11.1981.

² C. Saunders(ed.), *Illustrated history of South Africa: The real story* (Cape Town, Reader's digest, 1995), p. 401.

³ Vgl. P. Frankel, *An ordinary atrocity: Sharpeville and its massacre* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 2001), pp. 161, 170.

⁴ Vgl. H. Germani, *White soldiers in Black Africa* (Cape Town, Nasionale boekhandel, 1967), p. 129.

⁵ Afdeling noodbeplanning, *Nasionale oorlewingsplan vir Suid-Afrika*, Oorlewingsbrosjyre nr.1, Februarie 1965, p. 1.

Daar is reeds op 21 Mei 1959 'n Raad vir Burgerlike Beskerming saamgestel wat uit verteenwoordigers van staatsdepartemente en die Verenigde Munisipale Bestuur bestaan het. Die *Wet op Burgerlike Beskerming* is in 1966 aanvaar en vanaf 1 November 1969 het die Direktoraat Burgerlike Beskerming by die Suid-Afrikaanse weermag ingeskakel.⁶ Die geneesheer-generaal het die aanspreeklikheid vir die burgerlike beskerming gehad ook ten opsigte van die organisasie, aktivering en koördinerende van die mediese aspekte daarvan.⁷

Die brandweer, ambulansdiens en verkeersdiens van 'n dorp het 'n belangrike rol in burgerlike beskerming gespeel.⁸ Die burgerlike beskermingskomitee was een van die liggame wat moes help om die rewolusionêre aanslag van destyds die hoof te bied.⁹ Die oorpasing van die burgerlike beskerming na die departement van staatkundige ontwikkeling op 1 Februarie 1987 het die era van die gemilitariseerde burgerlike beskerming afgesluit. Die raakvlakke tussen die burgerlike beskerming en die weermag is toe tot gesamentlike oefeninge en logistiese steun beperk.¹⁰

In die bespreking wat volg, gaan die vergestaltung van die burgerlike beskerming in die Vaaldriehoek behandel word.

⁶ Cronje en Van der Westhuizen, *Burgerlike beskerming: administrasie en praktyk* (Ongepub. manuskrip, s.d.), Hoofstuk 2, pp. 4,5; Anon, "Defence: Civil Defence saves lives", *SA Digest*, 5 April 1974, p. 4.

⁷ J.C.J. Lötter, "Mediese organisasie vir Burgerlike Beskerming", *Paratus*, 31(2), Februarie 1980, p. 36; Vgl. MAV, p. 31. 15122000, Smit, N. C., (36) Sonlandpark.

⁸ Cronje en Van der Westhuizen, *Burgerlike beskerming: administrasie en praktyk*, Hoofstuk 9, p. 8.

⁹ Anon, *Verkorte NSVB-opleiding*; Hoofstuk, Die nasionale bestuurstelsel, (Van mnr. G. Deyzel gekry, s.j.), p. 9.

¹⁰ Cronje en Van der Westhuizen, *Burgerlike beskerming: administrasie en praktyk*, Hoofstuk 3, p. 20; Vgl. MAV, p. 145, 26062000, Deyzel, G., (39) Vanderbijlpark.




Fig 1: Organisasiediagram wat die lyn- en skakelfunksies m.b.t burgerlike beskerming tussen die SA Weermag en munisipale regering aandui.




Fig 2: 'n Model om die interaksie tussen die Weermag, provinsiale en munisipale owerhede aan te dui.

Diagram 4: Organisasiediagramme wat die lyn- en skakelfunksies m.b.t die burgerlike beskerming tussen die weermag en die munisipale regering aangedui het.

Bron: J. J. L. van Zyl, "SA Weermag se rol in burgerlike beskerming", *Paratus*, 30(10), Oktober 1979, p. 35.

9.2 BURGERLIKE BESKERMING IN VAALDRIEHOEKSE DORPE

Die stadsraad van Vereeniging het reeds in 1940 as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog burgerlike beskermingsdienste gelew. Die burgerlike beskerming van die Vaaldriehoek het tydens krisistye soos die vloed van 1975 en die aanslag op die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) in 1980 sy plek volgestaan. Daar is met die lugmag, leer en polisie saamgewerk.¹¹ Alhoewel die onluste van 1976 die Vaaldriehoek nie erg geraak het nie, was die veiligheidsmagte en die burgerlike beskerming nogtans op 'n gereedheidsgrondslag. As gevolg van al meer voorvalle van binnelandse terreur is daar ook in die Vaaldriehoek gemeen dat dit die plig van elke burger was om by sy plaaslike burgerlike beskermingsorganisasie aan te sluit.¹²

Tydens die uitpaseringsparade van vrywillige brandweermanne in Julie 1974 op Vanderbijlpark, het die burgemeester van die dorp gesê dat die toenemende vyandigheid teenoor die blankes van Suider-Afrika, die burgerlike beskerming as 'n oorlewingsmeganisme noodsaaklik gemaak het.¹³ Die burgerlike beskerming van die Vaaldriehoek is gedurende die gebeure van 1974 in Mosambiek deur telefoonoproepe van bekommerde inwoners oorval.¹⁴ Die distrikskommandant van die polisie in Vereeniging, kol. Johannes Bender, het gemeen dat die gemeenskap sy ondersteuning aan die burgerlike beskerming moes gee en vir enige noodtoestand gereed moes wees.¹⁵

Verskillende jeugorganisasies, soos die *First and Second Vereeniging Scout Groups*, *Vlootkadette*, *Boys brigade*, *First and Second Guide Companies*, *Wolf*

¹¹ Anon, "Defence: Civil Defence saves lives", *SA Digest*, 5 April 1974, p. 4; Vgl. Anon, "Burgerlike beskerming: Voorsorg teen noodtoestande", *Paratus*, 25(9), September 1974, p. 28.

¹² Anon, "Kommentaar: Elkeen moet help", in *Vaalweekblad*, 18.09.1979; Vgl. MAV, p. 145. 26062000, Deyzel, G., (39) Vanderbijlpark.

¹³ Anon, "Town has effective civil defence plan", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.07.1974.

¹⁴ Anon, "Call for Civil Defence action", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.01.1976.

¹⁵ Anon, "Terrorism is 'no cause for fear'", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.10.1974.

Cub and Brownie Packs en die Voortrekkers, het hulle bereid verklaar om vrywillig by die burgerlike beskerming betrokke te raak. Reëlins is byvoorbeeld getref dat senior seuns as verkeersreserviste by die verkeersdepartement opgelei word sodat hulle in tye van nood as boodskappers kon optree. Transport- en akkommodasiefasiliteite is tot die beskikking van die publiek gestel en twee radiomaste is op die perseel van die *Scouts* opgerig.¹⁶ Gedurende 1975 is 'n burgerlike beskermingskomitee vir die Vaaldriehoek gestig.¹⁷ Mense het egter belangstelling verloor toe daar nie meer 'n onmiddellike bedreiging was nie en teen die middel van 1975 was daar 'n afname in die entoesiasme vir burgerlike beskerming.¹⁸ In die *Vaalweekblad* van 29 Julie 1976 het 'n artikel verskyn waarin die hoop uitgespreek is dat 'n gesamentlike noodplan vir die hele Vaaldriehoek uitgewerk sou word.¹⁹

Die Suid-Afrikaanse polisie (SAP) in Vereeniging en hoofde van die verskillende burgerlike beskermingsorganisasies het ná die Silverton-voorval van 25 Januarie 1980 gewaarsku dat sekuriteit en noodplanne in orde gekry moes word. Daar is ook 'n beroep op lede van die publiek gedoen om by die burgerlike beskerming aan te sluit.²⁰

Vervolgens gaan gekyk word hoe die burgerlike beskerming in die verskillende Vaaldriehoekse dorpe gefunksioneer het.

¹⁶ Anon, "Vereeniging youth movements rally to Civil Defence", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.10.1974; Sien ook hoofstuk 8.

¹⁷ Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 100. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

¹⁸ Anon, "Defence interest still high, but ...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 12.09.1975; Anon, "Call for Civil Defence action", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.01.1976.

¹⁹ Anon, "Kommentaar: Vriende in nood", in *Vaalweekblad*, 29.07.1976; F. Hand, "Vereeniging onthou die SAW dankbaar", *Paratus*, 26(5), Mei 1975, p. 11.

²⁰ Anon, "Terro's: mense gewaarsku", in *Vaalweekblad*, 01.02.1980.

9.2.1 PARYS EN VREDEFORT

Reeds in September 1974 is 'n beroep op die inwoners van Parys gedoen om 'n vergadering en demonstrasie van die burgerlike beskerming in die plaaslike stadsaal by te woon. Die reaksie op dié beroep was oorweldigend. Die hoof van die burgerlike beskermingsdienste op Parys, Willie Coetzee, het by dié geleentheid daarna verwys dat die Vaaldriehoek een van die grootste nywerheidsgebiede in Suid-Afrika is en dat vroue en kinders uit ander dele van die Vaaldriehoek in tye van nood na Parys gebring kon word. 'n Demonstrasie van waar 'n huisvrou deur terroriste aangeval is en die huis daarna aan die brand gestek is, is gesamentlik deur die kommando en brandweer van Parys aangebied.²¹

Belangstellendes in die noodplan van Parys is in Augustus 1979 deur veldkornet A. Tait van die Parys-tak van die Suid-Afrikaanse Noodhulp Liga in die saal van die Gereformeerde Kerk toegesprek. Die noodplan het op skakeling tussen verskillende beskermings- en noodorganisasies neergekom. Die hoof van die Paryse burgerlike beskerming sou ook aan die hoof van die noodplan staan.²²

Die skakelbeampte vir die burgerlike beskerming in die Oranje Vrystaat (OVS), kmdt. Manie Spammers, het tydens 'n vergadering in Februarie 1980 op die naburige Vredefort gemeen dat diegene wat nie by die burgerlike beskerming wou inskakel nie, verraad teenoor hulle land en volk gepleeg het.²³ Kommandant Spammers het gedurende September 1980 mense vir die burgerlike beskerming probeer werf. Boereverenigings in die distrik is toegesprek en klem is daarop gelê dat ouer mense hulleself vir die burgerlike beskerming beskikbaar moes stel, sodat jonger mense vry kon wees om belangriker take te verrig.²⁴ Waar daar gedurende 1980 slegs 60 aansoeke was om by die burgerlike beskerming

²¹ Anon, "Beroep het nie op dowe ore geval", in *Vaalweekblad*, 27.09.1974.

²² Anon, "Noodplan vir Parys: Almal sal betrek word", in *Vaalweekblad*, 14.08.1979.

²³ Anon, "Burgerlike beskerming is elke burger se plig", in *Vaalweekblad*, 20.02.1980.

²⁴ Anon, "Handjievrye vrijwilligers nie genoeg vir BB nie", in *Vaalweekblad*, 16.09.1980.



Illus. 72: Die beheerkamer van die burgerlike beskerming op Vanderbijlpark.
Bron: C. J. Muller, "Burgerlike beskerming: Vrou se rof", *Paratus*, 25(10), Oktober 1974, p. 37.

aan te sluit, het die syfer aan die begin van 1981 tot 110 ingeskrewe lede gestyg.²⁵ Die burgerlike beskerming van die Vredefort-distrik het vroeg in 1982 besluit om met die burgerlike beskerming van Kroonstad saam te smelt.²⁶

9.2.2 VANDERBIJLPARK

Vanderbijlpark was reeds sedert 1966 by die burgerlike beskerming betrokke.²⁷ Vanderbijlpark is later deur die minister van verdediging as 'n sentrale kommunikasiesentrum vir die Vaaldriehoek aangewys.²⁸ As gevolg van die vloede in ander dele van die land, is vroeg in 1974 op Vanderbijlpark vir vrywilligers gevra om te help.²⁹ Die burgerlike beskerming het saam met die weermag en vroue-organisasies 'n waardevolle bydrae tydens die vloed van 1975 gelewer.³⁰ Op dié dorp was daar ook 'n stelsel van vrywillige brandweer- en ambulanspersoneel.³¹ Organisasies soos die Transvaalse Landbou-unie (TLU), *Womans Institute*, Vrouefederasie, *Rotary Anns* en noodhulporganisasies het noodhuisvesting, voorbereiding van voedsel en maatskaplike dienste gereël, asook versorgingmaatreëls getref.³² Teen Januarie 1976 was reeds meer as 800 mense in noodhulp opgelei en was daar 150 vrywilligers vir die vrouekorps.³³

Op die laaste Woensdag van Maart 1976 het matrone M. van Wyk vroue by die Emfuleni Golfpark oor die rol van vroue op Vanderbijlpark se burgerlike beskerming toegesprek. Rudi Klopper het tydens die geleentheid daarop gewys

²⁵ Anon, "Burgerlike beskerming op Parys vorder", in *Vaalweekblad*, 20.01.1981.

²⁶ Anon, "Burgerlike beskerming het 150 lede", in *Vaalweekblad*, 27.04.1982.

²⁷ Anon, "BB prestasie vir raad", in *Vaal Ster*, 09-13.10.1989.

²⁸ MAV, p. 100. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

²⁹ Anon, "Civil Defence: helpers needed", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.03.1974.

³⁰ Anon, "Foto: 'n Klompie van die mense wat in beheer was van die noodlenigingswerk tydens die vloed op Vanderbijlpark...", in *Vaalweekblad*, 07.03.1975; MAV, p. 100. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

³¹ Anon, "Town has effective civil defence plan", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.07.1974.

³² P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark* (Vanderbijlpark, PU vir CHO, 1994), p. 565.

³³ Anon, "Call for Civil defence action", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.01.1976.

dat gebeure soos in Mosambiek en Angola ook in Suid-Afrika kon plaasvind en almal gereed moes wees om 'n soortgelyke situasie te kon hanteer.³⁴ Die versorgingskomitee van die burgerlike beskerming van Vanderbijlpark het tydens die onrus van Augustus 1976 in Sebokeng, 1 700 etes vir lede van die polisie voorberei.³⁵ Die dameskomitee van die burgerlike beskerming van Vanderbijlpark het 13 noodversorgingspunte in die dorp geïdentifiseer en ook die name, adresse en telefoonnommers van die leidsters van die dameskomitee bekend gemaak. Op dié wyse kon Vanderbijlpark gereed wees indien 'n noodtoestand sou ontstaan.³⁶

Die stadsraad van Vanderbijlpark het in September 1976 'n boekie oor die burgerlike beskerming uitgegee.³⁷ Vrywilligers het in Oktober 1976 sertifikate ontvang.³⁸ Die uitstalling van die Vanderbijlparkse Publisiteitsvereniging op die Vaalskou van 1976 het sterk op burgerlike beskerming gefokus. Daar is gepoog om dit aan die publiek tuis te bring dat in 'n noodtoestand soveel mense as moontlik daartoe in staat moes wees om na hulle eie behoeftes te kon omsien.³⁹ Die minister van verdediging, P. W. Botha, het tydens die opening van die nuwe hoofkwartier van die Vanderbijlpark Kommando op 9 September 1978 beklemtoon dat diens in uniform nie die enigste manier was waarop mense diens aan die land kon lewer nie. Die burgerlike beskerming is as 'n produktiewe diens aan die gemeenskap beskou.⁴⁰

³⁴ Anon, "Civil defence meeting", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 02.04.1976; MAV, p. 100. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

³⁵ Anon, "Hulle het vir etes in onrustyd gesorg", in *Vaalweekblad*, 20.08.1976.

³⁶ Anon, "Onthou die name en adresse vir noodtye", in *Vaalweekblad*, 20.08.1976; Anon, "Terroriste-aanslae: Hoe paraat is ons werklik?", in *Vaalweekblad*, 31.01.1986; Sien ook hoofstuk 9, burgerlike beskerming in Vanderbijlpark.

³⁷ Anon, "Civil Defence booklet issued", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 24.06.1976.

³⁸ Anon, "Certificates for CD volunteers", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 29.10.1976.

³⁹ Anon, "Soeklig op beskerming by skou-uitstalling" in *Vaalweekblad*, 17.09.1976; MAV, p. 101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

⁴⁰ Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidsgeskiedenisleër: Vanderbijlpark Kommando: Toespraak deur sy edele P. W. Botha: Minister van Verdediging: Tydens die amptelike opening van die hoofkwartier: Vanderbijlpark Kommando op 9 September 1978, p. 2.

'n Motorhawe op Vanderbijlpark het in Maart 1977 'n bakkie aan die burgerlike beskerming van die dorp geskenk.⁴¹ Die hoof van die burgerlike beskerming op Vanderbijlpark, Rudi Klopper, het tydens 'n vergadering van die sakekernkomitee van die burgerlike beskerming in September 1979 daarna verwys dat die uitlatings van sekere leiers van buurstate, die publiek tot die gevolgtrekking moes laat kom dat voorbereidings vir oorlog teen Suid-Afrika nie uitgesluit was nie. Die doel met die sakekernkomitee was om die sakesektor by burgerlike beskerming betrokke te kry.⁴² 'n Onderneming in Vereeniging, Ultra Kitchens, het R2 250 in Februarie 1979, wat tydens 'n kompetisie deur die stadsraad van Vanderbijlpark ter wille van burgerlike beskerming ingesamel is, aan die burgemeester van Vanderbijlpark, mev. Boegoe Swart, oorhandig. Met die geld wat ingesamel is, is 'n volledig toegeruste noodeenheid as prys beskikbaar gestel.⁴³

Die Rietspruit Boerevereniging in die Vanderbijlpark-distrik het sy eie burgerlike beskermingsvereniging gehad. Dié vereniging het hom op die kommunikasie tussen boere toegespits en ook probeer om plaaswerkers oor die probleme van die land in te lig. Op die eerste vergadering van die vereniging het die bevelvoerder van die Vanderbijlpark Kommando daarop gewys dat die gemeenskap opgelei moes word om tydens noodtoestande te kon help om ontwigting te voorkom.⁴⁴ Mevrouw B. Brits van Rietspruit het 'n brief en uitknipsel van die eerste byeenkoms van Rietspruit se burgerlike beskerming in Julie 1977 aan die skakeloffisier van die Kommandement Witwatersrand gestuur.⁴⁵ Tydens die afsluitingsvergadering van die dameskomitee van Vanderbijlpark se

⁴¹ Anon, "Foto: Clr. Herman Schroeder, Mayor of Vanderbijlpark, took delivery of a LDV bakkie from a Vanderbijlpark garage last Thursday", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.04.1977.

⁴² Anon, "Burgerlike beskerming waarsku teen gevaar", in *Vaalweekblad*, 21.09.1979; MAV, p. 100. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

⁴³ Anon, "Heelwat geld vir BB", in *Vaalweekblad*, 02.03.1979.

⁴⁴ Anon, "Kommunikasieprobleem op plase in noodtyd", in *Vaalweekblad*, 01.07.1977.

⁴⁵ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, houer 7, 312/2, Skepping van 'n burgerlike beskerming infra-struktuur, Brief: Mev. B. Brits aan kmdt. J. van Rensburg, 05.07.1977.

burgerlike beskerming in Desember 1977, is daar gewaarsku dat mense paraat vir stedelike terrorisme moes wees.⁴⁶

Teen die laat sewentigerjare is die Vanderbijlparkse publiek gemaan om voorbereid op stedelike terrorisme te wees. Die moontlikheid is genoem dat mense deur wetgewing verplig kon word om by die burgerlike beskerming in te skakel. Daar is selfs beplan om 'n manskomitee te stig wat mans sou betrek wat nie dienspligtig was nie, sodat hulle gedurende noodtoestande onmiddellik beskikbaar kon wees.⁴⁷ Vir die burgerlike beskerming het paraatheid nie beteken dat mense 'n bepaalde gebied met wapens moes verdedig nie, maar dat hulle in 'n noodsituasie georganiseer moes optree.⁴⁸ Omdat Vanderbijlpark 'n belangrike nywerheidsgebied is, het daar in dié dorp ook 'n sirene-sisteem bestaan. Daar was agt sirenes op die dorp, wat indien geaktiveer, oor die hele dorp gehoor sou word. Verskillende tone het verskillende grade van 'n noodsituasie aangekondig. Sodra die sirenes egter 'n noodtoestand aangekondig het, sou die beskermingsdienste gemobiliseer word.⁴⁹

Rudi Klopper het in 1986 'n medalje vir voortreflike diens in die burgerlike beskerming ontvang.⁵⁰ In Oktober 1989 is 'n skou vir die beskermingsdienste by die Laerskool Voorslag op Vanderbijlpark aangebied. Die skou is deur die burgerlike beskerming en die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging georganiseer met die doel om die publiek meer bewus van die polisie, die weermag en die burgerlike beskerming te maak. Daar is beoog om van die skou 'n jaarlikse instelling te maak.⁵¹

⁴⁶ Anon, "Paraatheid is hier 'n noodsaaklikheid", in *Vaalweekblad*, 02.12.1977.

⁴⁷ Anon, "Paraatheid hier 'n noodsaaklikheid", in *Vaalweekblad*, 09.12.1977.

⁴⁸ Anon, "Paraatheid is noodsaaklik hoor vroue", in *Vaalweekblad*, 02.09.1980.

⁴⁹ Anon, "Sirenes werk so", in *Vaal Ster*, 16-20.06.1986; MAV, p. 101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

⁵⁰ Anon, "BB prestasie vir raad", in *Vaal Ster*, 09-13.10.1989.

⁵¹ Anon, "BB hou eerste sukses skou", in *Vaalweekblad*, 20.10.1989.

'n Opvolgaksie van die skou was 'n uitstalling oor burgerlike beskerming vanaf 8 Desember 1989 in die lisensiekantoor van die stadsraad van Vanderbijlpark. Die doel van dié uitstalling was om die publiek daarvan bewus te maak dat rampe ook die Vaaldriehoek kon tref. 'n Hele versameling terroristewapens is uitgestal terwyl aspekte van die militêre lewe aan die publiek voorgestel is. Die burgerlike beskerming het homself egter nogtans as 'n nie-militêre organisasie aan die publiek voorgestel wat as 'n oorhoofse organisasie die werking van alle dienste in 'n noodtoestand of ramptoestand sou koördineer en om toe te sien dat die situasie so gou moontlik na normaal terugkeer.⁵²

Die burgerlike beskerming van Vanderbijlpark het daarvoor gesorg dat rioolwerke bewaak is. Sabotasie daarvan sou 'n ernstige gesondheidsgevaar inhou. Daar is ook met die buurtweg en die gemeenskapspolisiëringsforum geskakel.⁵³

9.2.3 SASOLBURG

'n Dieetkundige van die Sasolburgse hospitaal, mev. H. Smit, het reeds in Julie 1974 'n vergadering van die Sasolburgse Vroue Landbou-unie oor voedselvoorsiening tydens 'n noodtoestand toegesprek.⁵⁴


Die stadsraad van Sasolburg het die *Vaalweekblad* in Maart 1975 versoek om 'n beroep op sy lesers te doen om vir abnormale omstandighede gereed te wees. Die moontlike noodtoestand waarvoor daar op Sasolburg voorbereidings getref is, het uit die nywerheidsontwikkeling op die dorp gespruit. Die dorp is in nege afdelings verdeel en sou in geval van ernstige gebeurlikhede ontruim word.⁵⁵ Sasolburg was in 'n gunstige posisie ten opsigte van die burgerlike beskerming

⁵² Anon, "BB maak publiek so paraat", in *Vaal Ster*, 11-15.12.1989; MAV, p. 101. 030420010, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

⁵³ MAV, p. 101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

⁵⁴ Anon, "Vroue kry raad oor kos in noodtyd", in *Vaalweekblad*, 18.07.1974.

⁵⁵ Anon, "Sasolburgers se hulp gevra met noodplan", in *Vaalweekblad*, 14.03.1975.



Illus. 73: Die kommunikasie-toestel wat vir die burgerlike beskerming van Sasolburg ontwerp is. Vlnr. Bill Sharpe (hoof, burgerlike beskerming Sasolburg), H. Wentzel (verkeershoof, Sasolburg), D. van Zyl (brandweerhoof, Boksburg) en J. J. Swanepoel.

Bron: Anon, "Sasolburg kry radio-apparaat: Almal sal gou hoor van noodtoestand", in *Vaalweekblad*, 15.10.1976.



Illus. 74: Die burgerlike beskerming het sulke inligtingsborde op verskillende plekke aangebring om die publiek bekend te stel aan terroriste-wapens. Meneer Paul Saayman hou dié een vas wat by die D. P. de Villiers sportstadion aangebring is.

Bron: Anon, "Foto: Die afdeling Burgerlike Beskermingsdienste op Sasolburg...", in *Vaalweekblad*, 22.12.1990.

deurdat 'n groot aantal van sy inwoners in die chemiese industrie werksaam was, en gevolglik reeds opleiding in brandbestryding ontvang het.⁵⁶

Die stadsklerk van Sasolburg het aan die einde van 1976 'n omsendbrief saam met die water- en ligte-rekening aan elke huis gestuur. Daarin is genoem dat moderne oorlogvoering geen onderskeid tussen mense tref nie. Die huisvrou en kind is as net so kwesbaar as die soldaat op die slagveld gesien, omdat die slag ook by die huis en in die fabriek gevoer is. Die algemene onrus in die wêreld en die onluste in swart gebiede sowel as terroriste-aksie op die grens het die behoefte aan 'n goed beplande burgerlike beskermingstelsel in elke gemeenskap noodsaaklik gemaak. Die publiek is verseker dat hulle ook nie aangewend sou word om by strategiese installasies wag te staan nie.⁵⁷

Sasolburg was teen 1979 die enigste dorp in Suid-Afrika wat oor 'n radiokommunikasie-apparaat beskik het. Deur middel van dié apparaat kon alle nywerhede en die gemeenskap onmiddellik van 'n noodtoestand in kennis gestel word. 'n Sirene met 'n eiesoortige klank sou tydens 'n noodtoestand aangeskakel word. Sodra dié sirene gehoor is, moes inwoners hul transistorradio's op 'n bepaalde golflengte instel. Sodoende kon hulle dan oor die radio van moontlike gevare hoor en die voorsorgmaatreëls wat getref kon word.⁵⁸

Die burgerlike beskerming op Sasolburg het uit drie komitees bestaan. Twee daarvan was dameskomitees wat gemoeid was met die verskaffing van mediese hulp, noodhuisvesting en voedsel in tye van nood. Die derde komitee het uit senior afgevaardigdes van die plaaslike industrie bestaan en moes vooraf moontlike gevare identifiseer. Die stadsraad het ook 'n seinapparaat geïnstalleer

⁵⁶ Anon, "Call for Civil Defence action", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.01.1976.

⁵⁷ Anon, "Sasolburg CD chief appeals for help from residents", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 19.11.1976; Anon, "Wil mense inlig oor BB", in *Vaalweekblad*, 05.11.1976.

⁵⁸ Anon, "Sasolburg kry radio-apparaat: Almal sal gou hoor van noodtoestand", in *Vaalweekblad*, 15.10.1976; Anon, "Goeie kommunikasie kan volksoorlog wen, sê brigadier", in *Vaalweekblad*, 13.12.1979.

wat aan alle inwoners die aard van 'n krisis sou verduidelik. Die stelsel het behels dat 'n sirene geaktiveer sou word. Op die teken moes inwoners dan hulle transistorradio's op 108,1 Mhz inskakel om te verneem wat aan die gang was en wat hulle te doen staan.⁵⁹

Die Sasolburgse hospitaal het gereageer op 'n voorstel van die geneesheer-generaal van die weermag aan die burgerlike beskerming, dat elke gebied 'n makkerhulpkursus behoort aan te bied. Negentien Sasolburgse vroue het in September 1984 'n makkerhulpkursus voltooi wat deur dié hospitaal aangebied is.⁶⁰ Gedurende 1986 is 178 lede van die publiek in makkerhulp en 'n verdere 88 in elementêre brandbestryding opgelei. Die nywerhede van Sasolburg het ook verskeie noodoefeninge gehou. Die publiek is egter steeds gevra om ten minste een opleidingskursus by te woon, ten einde hulle paraatheid te verhoog.⁶¹ Die Baddrift-tak van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga op Sasolburg het gedurende Februarie 1989 'n kursus in noodhulp aangebied sodat mense in staat sou wees om hulp te kon verleen indien daar 'n bomontploffing in die Vaaldriehoek sou wees.⁶²

Sasolburg het gedurende Desember 1989 'n uitstalling van sy burgerlike beskerming gehou. Die uitstalling, wat 'n nabootsing van 'n motorongeluk was, is in een van die wandellane gehou.⁶³ Die burgerlike beskermingsweek van 1990 is deur Sasolburg in die week van 11-18 Augustus in vier fases aangebied. Die hoogtepunt van die week was die evaluasie wat op 14 Augustus plaasgevind het. Die vier fases was: om die doeltreffendheid van kommunikasie met die ander Vaaldriehoekse dorpe te toets; 'n reddingspoging op die Vaaldam; 'n

⁵⁹ Anon, "Sasolburg CD chief appeals for help from residents", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 19.11.1976.

⁶⁰ Anon, "Noodhulpkursus by hospitaal aangebied", in *Vaal Ster*, 14.09.1984.

⁶¹ Anon, "Samewerking goed met BB", in *Vaalweekblad*, 27.03.1987.

⁶² Anon, "Bomontploffing: wat om te doen", in *Vaalweekblad*, 10.02.1989.

⁶³ Anon, "BB wys wrakke", in *Vaal Ster*, 19-22.12.1989.

vullisverwyderingsoefening en 'n nagebootste ongeluk waarby 'n tenkwa betrokke was.⁶⁴

In Desember 1990 is met 'n veldtog begin om terroristewapens aan die publiek bekend te stel. Op verskeie plekke in die dorp is inligtingsborde met voorstellings van terroristewapens aangebring.⁶⁵ Burgerlike beskermingsdag is vir die eerste keer landwyd op 9 Oktober 1991 gehou. Die vieringe op Sasolburg het met 'n optog begin waartydens alle fasette van die burgerlike beskerming uitgebeeld is. Daar is ook 'n uitstalling by die Sasolburgse brandweerstasie gehou waar die publiek nood- en reddingsvoertuie van nader kon beskou.⁶⁶

Reeds in die middel sewentigerjare is besluit om die verskillende afdelings van die beskermingsdienste op Sasolburg, naamlik die brandweer, ambulansdiens, verkeersafdeling en burgerlike beskerming, te kombineer sodat 'n meer effektiewe diens gelewer kon word. Die gekombineerde beskermingsdienste het nou met die nywerhede op die dorp geskakel. Die beskermingsdienste van Sasolburg kon by drie geleenthede hul staal wys, naamlik tydens die oorstromings van 1975, die aanslag op SASOL I in 1980 en die fakkelbrand van 1990.⁶⁷

9.2.4 DENEYSVILLE

Die waarde van die opleiding het na vore gekom toe daar gedurende 1986 'n aantal veldbrande in die omgewing van Deneysville deur brandbestrydingspanne van die burgerlike beskerming geblus moes word. Lede van die burgerlike beskerming van Deneysville was ook behulpzaam toe daar in Februarie 1987 probleme met watervoorsiening op die dorp was. Deneysville het verder

⁶⁴ Anon, "Nuus uit Sasolburg: BB wys sy staal", in *Vaalweekblad*, 10.08.1990.

⁶⁵ Anon, "Die afdeling Burgerlike Beskermingsdienste het verlede week begin om die publiek bekend te stel aan terroristewapens", in *Vaalweekblad*, 22.12.1990.

⁶⁶ Anon, "BB-dag landwyd gevier", in *Vaalweekblad*, 04.10.1991.

⁶⁷ Anon, "Beskermingshoof tree af", in *Vaal Ster*, 08-12.04.1991.

radiokommunikasie met Sasolburg gehad. In April 1987 is die eerste kursusse in makkerhulp, wat eintlik lewensredding en brandbestryding behels het, aangebied.⁶⁸

9.2.5 VEREENIGING

Ten einde die Vereenigingse stadsraad se voorstelle rakende burgerlike beskerming bekend te stel, is 'n vergadering in die eerste week van Augustus 1974 belê.⁶⁹ In Oktober 1974 het die hoof van die Vereenigingse brandweer, C. S. Viljoen, die Unitas Vroue Landbou-unie oor burgerlike beskerming toegesprek en voorgestel dat elke huis oor 'n noodhulpkissie en tuinslang moes beskik. Hy het vroue ook aangemoedig om by die burgerlike beskerming aan te sluit.⁷⁰ Later in Oktober 1974 het die brandweer praktiese demonstrasies in brandbestryding aangebied.⁷¹ Die noodbeplanning vir die burgerlike beskerming is in Desember 1974 deur die stadsraad goedgekeur.⁷²

Tydens die 1975-vloed in Vereeniging het die burgerlike beskermingswerkers, die polisie en die weermag probeer om die nood te verlig wat deur die vloed meegebring is.⁷³ Na afloop van die vloed is vraelyste aan inwoners uitgedeel om te bepaal in watter opsig die publiek voel dat hulle die burgerlike beskerming kon bystaan. Die burgerlike beskerming het in retrospeksie sy eie optrede beskou en probeer om foute wat gemaak is uit te lig. Daarna is 'n verslag aan die Kommandement Witwatersrand voor-gelê.⁷⁴ Die voorsitter van die vrouekorps in Vereeniging, raadslid Mary Hoogenhout, was tevrede met die vordering wat toe

⁶⁸ Anon, "Burgerlike beskerming kom goed op dreef", in *Vaal Ster*, 23-27.03.1987.

⁶⁹ Anon, "C.D. meeting", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 02.08.1974.

⁷⁰ Anon, "Support C.D. – fire chief", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 11.10.1974; MAV, p. 204. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

⁷¹ Anon, "Women learn to fight fires", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 25.10.1974.

⁷² Anon, "Vereeniging's emergency plans have the okay", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 20.12.1974.

⁷³ Anon, "Civil Defence battles to combat chaos: water reaches 1957 level", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.02.1975; Vgl. MAV, p. 62. 24012000, Hoogenhout, M., (75) Drie Riviere.

⁷⁴ Anon, "Civil Defence is looking for recruits", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 16.05.1975.

reeds gemaak is. Daar is besluit om in Vereeniging 'n brandweer- en ambulansreserwekorps saam te stel.⁷⁵ Die name en adresse van persone wat tydens noodtoestande geskakel kon word, is ook in die pers gegee.⁷⁶ Mevrouw Mary Hoogenhout het mense aangemoedig om hulle huise so in te rig dat hulle in tye van nood sonder elektrisiteit sou kon klaarkom.⁷⁷

Die stadsraad van Vereeniging het beoog om 'n radiokommunikasienetwerk vir die doeleindes van burgerlike beskerming op te stel.⁷⁸ Vergaderings is vanaf middel Februarie 1976 in verskillende woonbuurte van Vereeniging gehou.⁷⁹ Tydens 'n vergadering van die vrouepersoneel van Vereeniging Refractories in Junie 1976, het mev. Hoogenhout die vroue aangemoedig om kursusse in noodhulp en brandbestryding te volg. Sy het daarop gewys dat dit noodsaaklik was om 'n voorraad voedsel, slaapsakke, 'n transistorradio, 'n flits en 'n lys van belangrike telefoonnommers byderhand te hou.⁸⁰

Die Vrouehulpdienste van die burgerlike beskerming het gedurende opeenvolgende Woensdagaande in Junie 1977 vergaderings gehou om 'n noodplan te bespreek. Die eerste van die vergaderings is in die saal van die NG Kerk Drie Riviere gehou. Tydens die geleentheid het kmdt. J. P. du Toit, gemoeid met burgerleiding, van Verdedigingshoofkwartier in Pretoria die gehoor ingelig oor hoe om tydens noodtoestande op te tree. Die daaropvolgende Woensdagaand is die vergadering in die saal van die Hoërskool Drie Riviere

⁷⁵ Anon, "Civil defence training", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 08.08.1975.

⁷⁶ Anon, "Contacts for civil defence", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 13.02.1976; Vgl. ook Anon, "CD – readiness", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 02.04.1976.

⁷⁷ Anon, "CD readiness", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.03.1976; MAV, p. 204. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

⁷⁸ Anon, "Radionetwerk vir BB", in *Vaalweekblad*, 05.11.1976.

⁷⁹ Anon, "CD classes for all at Three Rivers", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 13.02.1976.

⁸⁰ Anon, "Civil preparedness of vital importance", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 25.06.1976.

deur die waarnemende direkteur van burgerlike beskerming, kol. C. Muller, toegesprek.⁸¹

Op 17 Maart 1978 is 'n seminaar vir die leierslement van burgerlike organisasies in die plaaslike besture en die nywerheid aangebied. Tydens die seminaar het lede van die polisie en die weermag oor veiligheidskwessies gepraat. Die burgerlike beskerming in Vereeniging het tydens die geleentheid die bevelvoerder van die Kommandement Witwatersrand vir die deelname van 'n maj. V. Winter bedank. Die verantwoordelike persoon gemoeid met burgerlike beskerming by die kommandement was baie tevrede met die terugvoer van Vereeniging.⁸² Die Vrouehulpdiens van die burgerlike beskerming op Vereeniging het in Februarie 1979 in samewerking met die Vereenigingse brandweer, vir bejaardes 'n kursus in brandbestryding aangebied.⁸³

Die oprigting van 'n noodbeheersentrum is as noodsaaklik beskou vir die effektiewe beheer van enige krisis, van vloedbeheer tot bomdreigemente. Die sentrum sou ook vir operasionele kommunikasie in die hele Vereeniging-gebied voorsiening maak. Die burgerlike beskerming het ook kursusse aangebied sodat mense hulle in tye van nood self sou kon help.⁸⁴

Ná die vloed van September 1984 in Sonlandpark en die onluste in Sebokeng, wat baie naby aan die woonbuurt geleë is, is besluit dat 'n eie burgerlike beskermingsorganisasie noodsaaklik was. Daar is tussen kommunikasie,

⁸¹ Anon, "Hoe om op te tree in noodtoestand", in *Vaalweekblad*, 17.06.1977.

⁸² DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 16, 520/3/1, Seminare en simposiums, Brief: Hoof van burgerlike beskerming Vereeniging aan bevelvoerder Kmdt. Wit., oor toestemming dat maj. V. Winter tydens burgerlike beskerming seminaar kon optree, 29.11.1977; Brief: Hoof burgerlike beskerming Vereeniging aan bevelvoerder Kmdt. Wit., bedank kmdt. V. Winter vir voortreflike referaat, 20.03.1978.

⁸³ Anon, "Leer om brand te bestry", in *Vaalweekblad*, 09.02.1979; MAV, p. 204. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

⁸⁴ Anon, "Leer om brand te bestry", in *Vaalweekblad*, 09.02.1979; MAV, p. 205. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

verkeerbeheer, vervoer, inligting, welsyn, versorging en eerstehulp gedifferensieer en besluit om jaarliks twee oefeninge te hou.⁸⁵ Tydens die nasionale burgerlike beskermingsweek wat in Augustus 1990 gehou is, het die weermag bevestig dat daar aan redelike versoeke gehoor gegee sou word.⁸⁶ Die mobiele bevelspos van Vereeniging is tydens 'n sooispit-geleentheid in Maart 1991 bekend gestel.⁸⁷ Die sentrum is op 5 Mei 1992 deur die verkeershoof van Vereeniging, Jan Döckel, geopen.⁸⁸

9.2.6 HENLEY-ON-KLIP

Peter Tunstall, 'n bekende persoon in *Boy Scout*-kringe, het 'n aantal riglyne vir die funksionering van die burgerlike beskerming op Henly-on-Klip geïdentifiseer. Noodplanne is opgestel en in samewerking met die relevante staatsorganisasies is operasionele beplanning gedoen, 'n lys van verantwoordelike persone opgestel, 'n adviserende diens ingestel, 'n gemeenskaplike sekuriteitsdiens op die been gebring, 'n landingstrook uitgemerk asook noodkommunikasiekanale geskep.⁸⁹

Die hoof van die burgerlike beskerming, kol. Ken Flood, het in Oktober 1976 in die Henley-on-Klip Hotel petrolbomme tesame met brandbestrydings- en noodhulptoerusting gedemonstreer. Tydens die geleentheid is ook 'n aantal noodmaatreëls behandel.⁹⁰

⁸⁵ Anon, "Sonlandpark organiseer sy eie Burgerlike Beskerming", in *Vaalweekblad*, 08.03.1985.

⁸⁶ Dagboek, Vereeniging Kommando, bevelvoerdersgroep, 13.08.1990.

⁸⁷ Anon, "Burg B se eerste sooi gespit", in *Vaal Ster*, 01-05.04.1991.

⁸⁸ Anon, "Nuwe sentrum vir BB", in *Vaal Ster*, 18-22.05.1992.

⁸⁹ Anon, "Civil Defence programme urged", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 09.08.1974.

⁹⁰ Anon, "Molotov cocktail demonstration", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 29.10.1976. Kolonel Flood was 'n oud-Britse offisier uit die Tweede Wêreldoorlog en ook hoof van sekuriteit by die Carlton Sentrum. Anon, "Security Officer is new CD chief", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 25.06.1976.

9.2.7 MEYERTON

In Augustus 1974 is 'n beroep op die inwoners van Meyerton gedoen om by die burgerlike beskerming aan te sluit en sodoende 'n belangrike rol in gemeenskapsake te speel.⁹¹ Teen 1976 was die burgerlike beskerming van die dorp moedeloos en is die inwoners as apaties beskryf.⁹² Die nuwe burgemeester van die dorp, mnr. Boet Kruger, het in sy intreetoespraak in Maart 1976 'n beroep op inwoners gedoen om die burgerlike beskerming te ondersteun.⁹³ Die vroue van die dorp is in Maart 1976 oor die noodsaaklikheid van die burgerlike beskerming toegesprek, waarna daar 'n film oor die wese van die burgerlike beskerming vertoon is. Daarna is 'n burgerlike beskermingskomitee gekies.⁹⁴

Die vinnige uitbreiding van digbevolkte gebiede, hoë snelhede op die snelweë, die omvang en kompleksiteit van massavervoermiddels, die ontwikkeling van industriële komplekse en die dreigement van geweldpleging, het die noodsaaklikheid vir 'n doeltreffende burgerlike beskermingsopset op Meyerton belangrik gemaak.⁹⁵ Burgerlike beskerming is ook op De Deur en Walkerville georganiseer.⁹⁶ Weinig is egter oor die aktiwiteite van dié twee dorpe bekend.

9.2.8 GRADERING VAN VAALDRIEHOEKSE DORPE

Die minister van verdediging het as die hoof uitvoerende gesagsfiguur van die burgerlike beskerming ingevolge artikel 6 van die *Wet op Burgerlike Beskerming* die bevoegdheid verkry om hulp en bystand te verleen met die ontwikkeling van die burgerlike beskerming. Sy bevoegdheid het verder uitgekling deur die gereedheid van die burgerlike beskerming van tyd tot tyd te evalueer. Die finale

⁹¹ Anon, "Meyerton survives 'disaster' ", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 16.08.1974.

⁹² Anon, "Call for Civil Defence action", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 23.01.1976.

⁹³ Anon, "Meyerton urged to back CD", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 12.03.1976.

⁹⁴ Anon, "What Civil Defence is", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 12.03.1976.

⁹⁵ Anon, "A-gradering vir Meyertonse BB", in *Vaal Ster*, 07-11.12.1987.

⁹⁶ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 7, 312/2, Skepping van 'n burgerlike beskerming infra-struktuur, Brief: van hoof van burgerlike beskerming De Deur aan Kmdt. Wit., 29.09.1978; Brief: van bevelvoerder Kmdt. Wit., kol. J. D. van Rensburg aan mnr C. Whyte om afspraak te reël, 19.06.1978.

vorm van die toets van gereedheid is die A-gradering van 'n dorp se burgerlike beskerming.⁹⁷

Vanderbijlpark was die eerste Vaaldriehoekse dorp wat 'n A-klassifikasie vir sy noodplan ontvang het.⁹⁸ Dit was die tweede dorp binne die verantwoordelike gebied van die Kommandement Witwatersrand wat so 'n toekenning ontvang het. Tydens die oorhandigingseremonie het Rudi Klopper sy dank teenoor die publiek, skoolhoofde, Dameskomitee, Noodhulpiga, Rooikruis, mediese praktisyns, aptekers, die hospitaal, polisie, kommando, en sustersverenigings van verskillende kerke, vir hulle samewerking uitgespreek.⁹⁹ Die stadsraad van Vanderbijlpark het in Junie 1978 om 'n herevaluering by die Kommandement Witwatersrand aansoek gedoen, en gedurende Oktober 1989 ontvang Vanderbijlpark sy vierde A-graderingsertifikaat.¹⁰⁰

De Deur was die tweede dorp in die Vaaldriehoek wat 'n A-gradering ontvang het. Die toekenning het gevolg na afloop van 'n besonder geslaagde burgerlike beskermingsoefening op die dorp. De Deur was ook die eerste buitestedelike raad wat 'n B-sertifikaat ontvang het en die enigste van 54 dorpie onder die buitestedelike raad wat 'n A-sertifikaat ontvang het.¹⁰¹ Vereeniging het in 1977 'n A-gradering ontvang. Die stad het baie uit die vloed van 1975 geleer en as gevolg daarvan 'n doeltreffender noodplan opgestel.¹⁰² Meyerton het sy eerste

⁹⁷ Cronje en Van der Westhuizen, *Burgerlike beskerming: administrasie en praktyk*: Hoofstuk 3, p. 31.

⁹⁸ MAV, p. 102. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

⁹⁹ Anon, "Vanderbijlparkse BB kry hoë toekenning", in *Vaalweekblad*, 30.04.1976; Anon, "CD triumph for Vaal town", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 30.04.1976.

¹⁰⁰ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 7, 312/2, Skepping van 'n burgerlike beskerming infra-struktuur, Burgerlike beskerming doelwitbepaling/aansoek om herevaluering, 09.10.1978; Anon, "BB-prestasie vir raad", in *Vaal Ster*, 09-13.10.1989.

¹⁰¹ Anon, "De Deur se BB kry hoë toekenning", in *Vaalweekblad*, 17.09.1976; Anon, "De Deur has 'A' for CD", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 17.09.1976.

¹⁰² Anon, "Dorp het in nood geleer: sertifikaat aan BB", in *Vaalweekblad*, 04.02.1977.

A-gradering in Oktober 1976 ontvang,¹⁰³ en sy tweede in 1987.¹⁰⁴ Sasolburg het ook sy herevaluasie vir 'n A-gradering in 1987 geslaag.¹⁰⁵

9.3 BURGERLIKE BESKERMING EN DIE NYWERHEDE EN BESIGHEDE VAN DIE VAALDRIEHOEK

Die skepping van 'n noodbestuurskomponent in 'n onderneming is as onontbeerlik vir gekoördineerde en doelmatige optrede tydens noodsituasies beskou. Dit is ook as belangrik beskou dat ondernemings bedreigings waarvoor hulle kwesbaar was, vooraf moes identifiseer.¹⁰⁶ Noodbeplanning by ondernemings het in samewerking met die plaaslike burgerlike beskerming geskied.¹⁰⁷

Die Vanderbijlparkse Afrikaanse Sakekamer het gedurende Augustus 1977 'n byeenkoms gereël waartydens bepaal is watter veiligheidsmaatreëls deur sakelui getref is om hulle persele, werknemers en klante tydens 'n noodtoestand te beskerm. Die moontlikheid vir die daarstelling van 'n noodplan vir sake-ondernemings is ook bespreek. Die sprekers tydens die geleentheid was twee polisie-offisiere naamlik maj. W.J. Fourie, die polisiestasiebevelvoerder, en kapt. H. Prinsloo, die hoofbeveiligingsbeampte van die burgerlike beskerming op Vanderbijlpark.¹⁰⁸

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR) het sy eie vertakking van die burgerlike beskerming bedryf. Daar is reeds in Oktober 1978 'n versoek aan die bevelvoerder van die Kommandement Witwatersrand gerig

¹⁰³ Anon, "Top grade for Meyerton CD", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 05.11.1976.

¹⁰⁴ Anon, A-gradering vir Meyertonse BB", in *Vaal Ster*, 07-11.12.1987.

¹⁰⁵ Anon, "BB-prestasie vir raad", in *Vaal Ster*, 09-13.10.1989.

¹⁰⁶ W. du Toit, "Burgerlike beskerming 2: Die beginsels van noodbeplanning", *Veiligheidsbestuur*, 16(2), Februarie 1990, p. 16.

¹⁰⁷ Ibid.

¹⁰⁸ Anon, "Is sakelui voorbereid vir 'n noodtoestand?", in *Vaalweekblad*, 19.08.1977.

dat die hoofwerkebestuurder, John Ridell, as die hoof van dié vertakking en die hoof van werkebedryfsingenieurswese, S. W. van der Merwe, as die adjunk-hoof daarvan aangestel word.¹⁰⁹

Die eerste seminaar van die Vaal-tak van die Suid-Afrikaanse Sekuriteitsvereniging is op 25 Oktober 1978 op Vanderbijlpark gehou. Meer as 150 lede van oor die hele Suid-Afrika en Suidwes-Afrika het die seminaar bygewoon. Daar is lesings oor onder meer plofstowwe en -apparaat aangebied en leiding oor die opstel van 'n noodplan gegee.¹¹⁰ Die burgerlike beskerming van Vanderbijlpark het sakelui uitgenooi om gedurende Maart 1984 die eerste vergadering van sy Sentrale Sakekernkomitee by te woon. Tydens die geleentheid is 'n boekie, *Handleiding vir noodbeplanning in die handel en nywerheid* aan sakelui bekend gestel.¹¹¹

Die burgerlike beskermingsorganisasies van die Vaaldriehoek het gepoog om ook die handel en nywerhede te betrek. Kenners op die gebied van burgerlike beskerming het tydens 'n seminaar by ISCOR in November 1981 oor die betrokkenheid van die nywerheidswese by die burgerlike beskerming gepraat. Dit was die verantwoordelikheid van die nyweraar om te verseker dat sy eiendom in die geval van 'n ramp voldoende beskerm is. In die lig van die toename in terreurvoorvalle moes sake-ondernemings noodbeplanning ernstig oorweeg.¹¹²

Alhoewel die veiligheidsmagte van die Vaaldriehoek goed georganiseerd was, is daar gevoel dat ook die publiek hulle deel in die veiligheidsopset moes bydra. Die hoof van sekuriteit by Metal Box op Vanderbijlpark, George Patterson, het

¹⁰⁹ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 3, Houer 7, 312/2, Skepping van 'n burgerlike beskerming infra-struktuur, Brief: van hoofbestuurder ISCOR, mnr. K. R. Rümelin, aan die bevelvoerder Kmdt. Wit., 26.10.1978.

¹¹⁰ Anon, "Gee leiding met noodplanne", in *Vaalweekblad*, 10.11.1978.

¹¹¹ Anon, "Oorlewing tydens noodtoestande word bespreek", in *Vaalweekblad*, 02.03.1984.

¹¹² Anon, "Die nywerheid en burgerlike beskerming", in *Vaalweekblad*, 27.11.1981; Vgl. ook MAV, p. 101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

daarop gewys dat voorsorgmaatreëls by alle ondernemings teen moontlike bomaanslae getref moes word en dat noodplanne gereeld geoefen moes word.¹¹³

Die Sentrale Sakekern-komitee van Vanderbijlpark het gedurende Maart 1984 die eerste handleiding vir noodbeskerming vir die handel en nywerheid in Vanderbijlpark bekend gestel. Dit was die tweede dorp naas die stad Johannesburg wat so 'n handleiding beskikbaar gestel het. Die handleiding het riglyne verskaf oor sekere aspekte van burgerlike beskerming. Sodra die plan van aksie van 'n onderneming of nywerheid deur die burgerlike beskerming goedgekeur is, kon daar 'n spesiale kenteken op die deur van so 'n onderneming aangebring word. Opleiding sou daarna in noodhulp, kommunikasie, brandbestryding en in verkeersregulering gegee word. Die gedagte rondom die beskikbaarstelling van die handleiding was dat daar gevoel is dat rooftogte en terreuraanslae ook noodtoestande kon skep.¹¹⁴

Verskeie besighede soos *Vaalweekblad*, Trust Bank, Dions, Edgars, United Bouvereniging, Natalse Bouvereniging, OK Bazaars en Ou Mutual het in Augustus 1984 burgerlike beskermingstoekenings ontvang.¹¹⁵ Metal Box was die eerste plaaslike nywerheid wat 'n sertifikaat vir algehele paraatheid van die burgerlike beskerming ontvang het.¹¹⁶ Personeel van die Allied Bouvereniging, Saambou Nasionaal en die United Bouvereniging op Vanderbijlpark het sertifikate ontvang nadat hulle in Mei 1985 'n makkerhulpkursus meegemaak het. Die hoof van die burgerlike beskerming op Vanderbijlpark, Rudi Klopper, het gewaarsku dat die *African National Congress* (ANC) altyd sy uitgesoekte teikens

¹¹³ Anon, "Die nywerheid en burgerlike beskerming", in *Vaalweekblad*, 27.11.1981; Vgl. ook MAV, p. 101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

¹¹⁴ Anon, "Vanderbijl kry ook handleiding vir BB", in *Vaalweekblad*, 23.03.1984.

¹¹⁵ Anon, "Foto: Verlede week het verskeie besighede op Vanderbijlpark burgerlike beskermingstoekenings ontvang ...", in *Vanderbijlpark en Sasolburg Ster*, 20.07.1984.

¹¹⁶ Anon, "Metal Box – totally prepared!", in *Vaal Ster*, 15–19.08.1988; MAV, p. 101. 03042000, Klopper, R., (72) Vanderbijlpark.

op die beplande datums getref het en beklemtoon dat gunsteling sagte teikens die sentrale sakegebied, staatsgeboue en skole was.¹¹⁷

Omdat sakemanne en sakepersele toenemend die teiken van terreuraanvalle geword het, is daar gevoel dat sakelui oor veiligheid ingelig behoort te word. Daarom het brig. J. L. Erasmus van die polisie-hoofkantoor se veiligheidstak, die Vanderbijlparkse Sakekamer in Mei 1987 tydens sy jaarlikse dinee oor die terreuraanslag toegesprek. Brigadier Erasmus het sakemanne ingelig dat daar al meer pogings was om die geweldsituasie in die land in 'n sogenaamde *people's war* te laat ontaard en genoem dat vir 1986 die aantal terreurdade 'n totaal van 229 was.¹¹⁸

9.4 BURGERLIKE BESKERMINGSOEFENINGE

Die burgerlike beskerming van Meyerton het in Augustus 1974 'n oefening aangebied waartydens 'n bomontploffing nageboots is. Die oefening was 'n volskaalse poging waaraan meer as nege verskillende organisasies deelgeneem het.¹¹⁹ Vanderbijlpark het in 1976 sy eie oefeninge gehou waarby die burgerlike beskerming, noodhulporganisasies en ander vertakkinge van die veiligheidsmagte betrek is. Daar is byvoorbeeld een keer 'n hut in die veld gebou vanwaar 'terroriste' geopereer het.¹²⁰

Aan die einde van Junie 1976 is 'n skynnoodtoestand by die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet geskep. 'n Brand moes geblus en die beseerdes moes

¹¹⁷ Anon, "Makkerhulp teen die ANC: Noodhulpkennis van uiterste belang in noodsituasies", in *Vaal Ster*, 05-09.05.1986.

¹¹⁸ Anon, "Sakemanne hoor meer van terreurdade", in *Vaal Ster*, 25-29.05.1987; Sien ook hoofstuk 2, die konsep van *people's war*.

¹¹⁹ Anon, "Meyerton survives 'disaster'", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 16.08.1974.

¹²⁰ MAV, p. 95. 29032000, Schempers, B., (66) Vanderbijlpark.



Illus. 75: Die Rooikruis en Noodhulpliga was deel van 'n oefening in Maart 1976 in Vanderbijlpark waar 'n terroriste-aanslag nageboots is.
Bron: Anon, "Foto: Lede van die Rooikruis en die Vanderbijlparkse tak van die Noodhulpliga...", in *Vaalweekblad*, 25.03.1976.

verwyder word.¹²¹ Die Noodhulpliga het ook op Meyerton gedurende Junie 1976 'n oefening gehou.¹²² Aan die einde van Oktober 1976 het die burgerlike beskerming van Sasolburg in samewerking met die Noodhulpliga 'n groot treinramp nageboots. Die personeel van die Sasolburgse hospitaal is op 'n gereedheidsgrondslag geplaas, terwyl die vrouehulpdiens ook in kennis gestel is.¹²³ Aan die einde van November 1976 is 'n bomaanslag in die Rio Vaalwoonstelle in Vereeniging nageboots. Die demonstrasie het gedien as 'n basis vir die toekenning van 'n A-graderingsertifikaat deur die Departement van Verdediging.¹²⁴ Die vrouehulpdienste van die burgerlike beskerming van Drie Riviere het aan die einde van Februarie 1977 'n oefening gehou.¹²⁵

Op 18 Mei 1979 het die SA Noodhulpliga, die Rooikruis en die *St. John's Ambulance* oefeninge waarin bomaanvalle nageboots is, op Vanderbijlpark, Vereeniging, en Meyerton gehou. Na die oefening is teleurstelling uitgespreek oor die swak belangstelling van die publiek se kant om noodhulpopleiding te ondergaan.¹²⁶ Tydens die streekskonferensie van die Noodhulpliga in Junie 1979 op Vredefort is daar ook 'n bom laat ontplof. Die afgevaardigdes van Parys het so groot geskrik dat hulle die 'bomontploffing' vir die ware Jakob aangesien het. Hulle was oortuig dat dit 'n terroriste-aanval was en het selfs 'n vermeende terroris aangekeer.¹²⁷

Op Sasolburg is daar aan die einde van Maart 1981 die derde 'bom'-oefening van sy soort gehou. Die oefening is by die Sasolburgse biblioteek gehou waar

¹²¹ Anon, "Foto: 'n 'Erg beseerde' leerling van die HTS Carel de Wet afgeneem tydens 'n skynnoodtoestand by die skool", in *Vaalweekblad*, 02.07.1976.

¹²² Anon, "It could have been real Meyerton", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 02.07.1976.

¹²³ Anon, "Treinramp wys hospitaal kan raakvat in nood", in *Vaalweekblad*, 05.11.1976.

¹²⁴ Anon, "Foto: 'n Slagoffer van die 'Bomaanval' op die Rio Vaal-woonstelle op Vereeniging...", in *Vaalweekblad*, 03.12.1976; Vgl ook MAV, p. 204. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

¹²⁵ Anon, "Vroue bewys hulle is gereed vir krisis", in *Vaalweekblad*, 04.03.1977.

¹²⁶ Anon, "Opleiding nou nodig vir ramp later", in *Vaalweekblad*, 25.05.1979; Vgl. MAV, p. 116. 29042000, Bloem, (63) en mev. (65) Vanderbijlpark.

¹²⁷ Anon, "Vredefort skrik groot vir 'bom' en 'terroris' ", in *Vaalweekblad*, 03.07.1979.

mense met ernstige beserings gesaai gelê het. Die doel van die oefening was om te kyk hoe die plaaslike hospitaal en mediese personeel reageer.¹²⁸ In die Vredefort distrik is gedurende Maart 1982 'n oefening gehou waarby die burgerlike beskerming, die polisie en die Vredefort/Parys Kommando betrokke was.¹²⁹ Die burgerlike beskerming van Vanderbijlpark het aan die einde van Maart 1983 'n oefening, waartydens 'n bomontploffing nageboots is, in die winkelkompleks van die OK Bazaars gehou. Lede van die Spesiale Taakmag van die polisie het ook aan die oefening deelgeneem.¹³⁰

Gedurende Februarie 1987 is op Meyerton 'n oefening gehou waartydens 'n bomontploffing nageboots is. Die polisie, brandweer, weermag, verkeers- en ambulansafdeling en die winkelgroep Checkers was by die oefening betrokke. Die gladde verloop van die oefening het verseker dat die burgerlike beskerming van Meyerton vir 'n A-gradering kon kwalifiseer.¹³¹ 'n Soortgelyke oefening is in September in Vereeniging gehou. 'n Fopbom het by die munisipale kantore ontplof, waarna ambulans en helikopters die beseerdes na die hospitaal moes vervoer. Ongeveer 500 mense het aan die oefening deelgeneem. Na afloop van dié geslaagde oefening is daar aan Vereeniging 'n A-gradering toegeken.¹³²

Op Sasolburg het die Hoër Tegniese Skool sy paraatheid in September 1987 deur middel van 'n 'bomontploffing' getoets. Die oefening het in samewerking met die polisie en die burgerlike beskerming plaasgevind.¹³³ Twee maande later is ook by die River Square-inkopiesentrum in Drie Riviere 'n burgerlike

¹²⁸ Anon, "Grusame tonele na ontploffing", in *Vaalweekblad*, 03.04.1981.

¹²⁹ Anon, "Burgerlike beskerming het 150 lede", in *Vaalweekblad*, 27.04.1982.

¹³⁰ Anon, "Foto: Lede van die Spesiale Taakmag van die Polisie ondersoek die winkelkompleks by die OK Bazaars ...", in *Vaal Ster*, 22.04.1983; Anon, "'Bom' ontplof op Vanderbijl: 20 mense beseer", in *Vaal Ster*, 22.04.1983.

¹³¹ Anon, "Bom sorg vir A-gradering", in *Vaal Ster*, 02—6.03.1987.

¹³² Anon, "'Bom' ontplof en talle wys hul noodhulpslag", in *Vereeniging en Meyerton Ster*, 15.06-19.06.1987.

¹³³ Anon, "Spanners is ook gereed", in *Vaal Ster*, 07-11.09.1987.

beskermingsoefening gehou.¹³⁴ Gedurende Oktober 1988 is 'n hoogs realistiese nabootsing van 'n bomontploffing op Vanderbijlpark gehou. 'n Motorruit wat onverwags aan skerwe gespat het, rook wat uitgeborrel het, en bebloede mense wat op die sypaadjies gelê het, het die deel van Vanderbijlpark waar die oefening gehou is, vir 'n tyd lank tot stilstand gebring. Die oefening is deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) geëvalueer en was die vyfde van sy soort waardeur die dorp sy A-gradering verwerf het. Vrywilligers van die weermag, skoolseuns en studente van die Sasolburgse Tegnieke Kollege het as beseerdes opgetree.¹³⁵

In Vereeniging is daar aan die einde van Julie 1990 van die brandweer se reddingspan en van die lugmag in 'n oefening gebruik gemaak.¹³⁶ In 'n oefening wat op 4 September 1991 in Vereeniging gehou is, het die lugmag, brandweer en ander nooddienste van Vereeniging saamgewerk. Die oefening het behels dat daar 'n reddingspoging was om vasgekeerdes by Markpark te bevry. Later die dag is Merrimanlaan gesluit sodat beseerdes van die dak van 'n gebou gered kon word, waar daar 'n brand uitgebreek het.¹³⁷

Op 22 April 1992 is daar weer 'n oefening in Vereeniging gehou. Die oefening was een van die grootstes wat tot in daardie stadium deur 'n dorp se brandweer, die polisie, die lugmag, die Nasionale Seereddingsinstituut en die Vierwielaangedrewe klub ondemeem is. Ongeveer 200 mense en ses helikopters het 'n reeks 'rampe' die hoof gebied. Die rampe wat nageboots is, was bomontploffings, 'n gasbrand, 'n vliegtuig wat geval het en 'n bootramp op die

¹³⁴ Anon, "Foto: A civil defence exercise held at the River Square shopping centre ..." in *Vaal Ster*, 23-27.11.1987.

¹³⁵ Anon, " 'Bom' laat honderde vinnig wegkruip", in *Vaalweekblad*, 21.10.1988; Anon, "Vat hom, Fluffiel!", 24-28.10.1988; Vgl. ook DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 52, 312/1, Burgerlike beskerming noodbeplanning, Burgerlike beskerming: Evaluasie – Vanderbijlpark, 23.09.1988.

¹³⁶ Anon, "Foto: Brandweer se reddingspan word as deel van hulle oefenprogram vanuit 'n helikopter op 'n gebou se dak neergelaat", in *Vaalweekblad*, 03.08.1990.

¹³⁷ Anon, "Reddingspoging 'n reuse sukses", in *Vaalweekblad*, 13.09.1991.



Illus. 76: 'n Puma helikopter van die lugmag verwyder 'beseerdes' van die dak van die Saambou gebou in Vereeniging tydens 'n oefening in April 1992.

Bron: Dries Jensen, "Oefening vir helikopters skrik misdadigers af", in *Vaal Ster*, 27.04-01.05.1992.

Vaaldam en op die Vaalrivier.¹³⁸ Tydens die oefening is 250 leerlinge van die Hoërskool Vereeniging binne 50 minute per helikopter vervoer. Die lugmag was hoogs tevrede met die ondervinding wat sy vlieëniers opgedoen het toe hulle landings in nou strate en in 'n beboude gebied moes uitvoer.¹³⁹ Tydens twee voorvalle moes daar werklik hulp verleen word, naamlik toe 'n Allouette helikopter neergestort het en toe 'n bejaarde egpaar op 'n hoewe by De Deur aangeval is.¹⁴⁰

9.5 DIE ROL VAN NOODHULPORGANISASIES IN BURGERLIKE BESKERMING

Skakeling tussen die weermag en die Noodhulpliga, die Suid-Afrikaanse Rooikruis en die *St. John's Ambulance* is in 1976 geformaliseer.¹⁴¹ Al drie noodhulporganisasies is op gelyke grondslag deur die geneesheer-generaal en die burgerlike beskerming betrek. 'n Eenvormige hulptoelae is deur die weermag aan al drie die organisasies betaal. 'n Eenvormige koördineringskomitee is onder voorsitterskap van die geneesheer-generaal en verteenwoordigend van al drie noodhulporganisasies, die Direkoraat Burgerlike Beskerming en Hoof van Staf Finansies saamgestel en sou alle aangeleenthede rakende hulpverlening koördineer.¹⁴²

9.5.1 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA

Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga (SANL) is op 16 April 1935 gestig. Dit het gevolg omdat daar in die dertigerjare 'n behoefte onder die Afrikaanssprekendes

¹³⁸ Anon, "Staan reg vir SAP, Lugmag-oefening!", in *Vaal Ster*, 20-24.04.1992; Anon, "Oefening vir helikopters laat misdadigers skrik", in *Vaal Ster*, 27.04-01.05.1992.

¹³⁹ Anon, "Beskermingsdienste wys hulle kan", in *Vaal Ster*, 04-08.05.1992.

¹⁴⁰ Anon, "Oefeninge word toe werklikheid", in *Vaal Ster*, 04-08.05.1992.

¹⁴¹ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit, Groep 3, Houer 7, 312/1/B, Noodbeplanning, Burgerlike beskerming: Aanwending van noodhulporganisasies, 08.08.1978; Vgl. ook MAV, p. 205. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

¹⁴² DDD, Pretoria, Kmdt. Wit, Groep 3, Houer 7, 312/1/B, Noodbeplanning, Burgerlike beskerming: Aanwending van noodhulporganisasies, 08.08.1978.

aan 'n soortgelyke noodhulporganisasie soos die Rooikruis en die *St. John Ambulance* was.¹⁴³ Die SANL het in 1954 'n tak in die Vaaldriehoek gestig.¹⁴⁴ Teen die middel sestigerjare het lede van die Noodhulpliga op Vanderbijlpark 'n kursus in noodhulp vir oorlogstyd meegemaak. Aspekte wat behandel is, was kernoorlog en konvensionele oorlog. Die Noodhulpliga het ook opleiding aan onderwysers gegee omdat daar op 'n stadium vereis is dat alle onderwysers 'n sertifikaat in noodhulp moes hê.¹⁴⁵ Sedert 1973 het die SANL by die burgerlike beskerming ingeskakel.¹⁴⁶ Die Sasolburgse stadsraad het na aanleiding van vloed in ander dele van die land in Februarie 1974 'n beroep op mense gedoen om geldelike bydraes of donasies van klere of voedsel aan die Noodhulpliga se Sasolburg-tak te maak.¹⁴⁷ Teen 1975 het die organisasie reeds 142 lede op Vanderbijlpark gehad.¹⁴⁸

Die Noodhulpliga is langs militêre riglyne georganiseer soos blyk uit die uniforms en 'n rangstruktuur en die parades wat gehou is. Die geneesheer-generaal was ook die beskermheer van die Noodhulpliga.¹⁴⁹ Die Paryse tak van die Noodhulpliga is byvoorbeeld deur 'n ene lt. Ryna Leibbrand oor saluer en eerbewys toegesprek.¹⁵⁰ Sias Bloem vertel dat hy weggedoen het met die militêre karakter van die Noodhulpliga in die Vaaldriehoek, deur die dra van uniforms en die hou van parades af te skaf.¹⁵¹

¹⁴³ E. Raath, "Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga", *Bantu*, xxi(11), November 1974, p. 20.

¹⁴⁴ P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark*, p. 384; Vgl. ook Anon, "Besige jaar vir Noodhulptak", in *Vaalweekblad*, 10.11.1978.

¹⁴⁵ MAV, p. 117. 29042000, Bloem, S., (63) en Bloem, A., mev. (65) Vanderbijlpark.

¹⁴⁶ E. Raath, "Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga", *Bantu*, xxi(11), November 1974, p. 20.

¹⁴⁷ Anon, "Flood relief fund", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.03.1974.

¹⁴⁸ Anon, "Noodhulpliga marks 21 years in Vanderbijl", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.09.1975.

¹⁴⁹ MAV, p. 115. 29042000, Bloem, (63) en mev. (65) Vanderbijlpark; E. Raath, "Die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga", *Bantu* xxi(11), November 1974, p. 21.

¹⁵⁰ Anon, "Foto: Lt. Ryna Leibbrand ... het lede van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga toegesprek oor Saluer en Eerbewys", in *Vaalweekblad*, 27.10.1981.

¹⁵¹ MAV, p. 117. 29042000, Bloem, S., (63) en Bloem, A., mev. (65) Vanderbijlpark.

In die Vaaldriehoek het kommer bestaan omdat lede van die publiek hulle nie vir noodhulpopleiding aangemeld het nie. Die tekort aan vrywilligers het bestaan, nieteenstaande terreuraanslae soos by SASOL I en by Silverton.¹⁵² Alhoewel daar 'n groeiperiode in die sewentigerjare was, het die getalle later afgeneem. Mevrouw W. Bloem het gemeen die feit dat fabrieke in die Vaaldriehoek begin toemaak het, tot die afname in noodhulpwerkers gelei het.¹⁵³

Die Noodhulpliga het gereeld kursusse in noodhulp aan die burgerlike beskerming en die nywerhede aangebied.¹⁵⁴ Die doel was om mense toe te rus om beseerdes na terreurdade en nywerheidsongelukke te kon bystaan.¹⁵⁵ Die Noodhulpliga het 'n aktiewe rol in die burgerlike beskerming van die Vaaldriehoek gespeel.¹⁵⁶

9.5.2 DIE ROOIKRUIS

Die Rooikruis het in tyd van oorlog beskerming onder die Geneefse konvensie geniet. Die Rooikruis het sy oorsprong by die gedagtes van Henry Dunant na die Slag van Solferino.¹⁵⁷ Die Vanderbijlpark-tak is in 1949 gestig.¹⁵⁸

Die Rooikruis het onder die bevel van die geneesheer-generaal van die Suid-Afrikaanse weermag gestaan. Dié organisasie het by die verdedigingsopset in die Vaaldriehoek ingeskakel en het ambulanse gereed gehou, versamelpunte in tye van nood beman en het ook tydens vakansietye noodhulpposte langs die

¹⁵² Anon, "Wees paraat, sluit aan by SANL" in *Vaalweekblad*, 02.02.1982.

¹⁵³ MAV, p. 118. 29042000, Bloem, S., (63) en Bloem, A., mev. (65) Vanderbijlpark.

¹⁵⁴ Anon, "Defence interest still high, but ...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 12.09.1975; Vgl. ook Anon, "Civil Defence classes start", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 16.01.1976.

¹⁵⁵ Anon, "73 opgelei vir noodtoestande", in *Vaalweekblad*, 06.10.1978; Anon, "Noodhulp vir jonges", in *Vaalweekblad*, 06.05.1983; Anon, "Makkerhulpkursus by hospitaal aangebied", in *Vaal Ster*, 14.09.1984.

¹⁵⁶ MAV, p. 116. 29042000, Bloem, C., (63) en Bloem, A., mev. (65) Vanderbijlpark; P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark*, p. 513.

¹⁵⁷ W. Fouche, "History and origin of the Geneva conventions", *Paratus*, 25(10), Oktober 1974, p. 19; Anon, "The Red Cross: Symbol of mercy", *Paratus*, 37(6), Junie 1986, p. 66.

¹⁵⁸ P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark*, p. 382.

hoofpaaie opgestel.¹⁵⁹ Die Rooikruis het verder kursusse in noodhulp aan nywerhede in die Vaaldriehoek aangebied.¹⁶⁰

Die voorsitter van die uitvoerende raad van die Rooi Skild van Dawid (Magen David Adom) in Israel, prof. Moshe Many, het in Oktober 1974 'n gehoor in die Michael Lubner-saal in Drie Riviere toegesprek. Hy het die funksies van die organisasie uitgelig en na die aandeel daarvan tydens die Oktober Oorlog verwys. Die Rooi Skild van Dawid was die ekwivalent van die Rooikruis, maar het 'n groter rol vervul deurdat dit naas die Israelse weermag as die belangrikste organisasie in Israel gesien is.¹⁶¹

Die parades en uniforms van die Rooikruis se ambulansafdeling het 'n militaristiese beeld aan die Rooikruis verleen.¹⁶² Die Suid-Transvaalse streek van die Rooikruis-vereniging het jaarliks 'n inspeksieparade gehou. Die inspeksieparade van 1980 is op die Vaalskouterrein gehou met uniforms, vaandels en militêre musiek verskaf deur die Light Horse Regiment-orkes.¹⁶³ Die eerste veelrassige parade van die Rooikruis in die Vaaldriehoek is in Oktober 1977 in Sebokeng gehou.¹⁶⁴ Die Rooikruis het ook aan die oefeninge van die beskermingsdienste van die Vaaldriehoek deelgeneem, byvoorbeeld toe 'n terroriste-aanslag op 25 Maart 1980 in die sakekern van Vanderbijlpark

¹⁵⁹ MAV, p. 103. 03042000, Nel, M.J., (55) Vanderbijlpark; Anon, "The Red Cross is ready to help", in *Rand Daily Mail*, 14.12.1973, p. 2.

¹⁶⁰ Anon, "First-aid is one of services", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 25.06.1976.

¹⁶¹ Anon, "Israeli Red Cross head speaks in Vereeniging", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 01.11.1974.

¹⁶² Anon, "Foto: Members of the Vanderbijlpark Red Cross Ambulance Detachment ...", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 01.08.1975; MAV, p.103. 03042000, Nel, M.J., (55) Vanderbijlpark.

¹⁶³ Anon, "Rooikruislede kry toekennings", in *Vaalweekblad*, 19.09.1980; MAV, p. 103. 03042000, Nel, M.J., (55) Vanderbijlpark.

¹⁶⁴ Anon, "No role in politics for Red Cross", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 04.11.1977.

nageboots is.¹⁶⁵ Die Rooikruis het ook 'n junior afdeling vir kinders gehad.¹⁶⁶

In die jaarverslag het die streeksvoorsitter van die Suid-Transvaalse tak van die Rooikruis-vereniging, D. McKenna, die belangrikheid daarvan uitgelig dat lede van die publiek oor 'n basiese kennis van noodhulp moes beskik. Hy het na die bomontploffing van 20 Mei 1983 in Pretoria verwys en gemeen dat die publiek in staat moes wees om noodhulp te kon toepas, indien 'n soortgelyke situasie in hulle eie omgewing sou ontstaan.¹⁶⁷ Die onluste van 1984 het die werk van die Rooikruis in swart woongebiede bemoeilik.¹⁶⁸ Die feit dat die Suid-Afrikaanse Rooikruis gedurende Oktober 1986 tydens die Rooikruis konferensie in Geneve geskors is, het meegebring dat die Rooikruis sonder internasionale steun in 'n moeilike taak moes volhard.¹⁶⁹ Die 125ste bestaansjaar van die Rooikruis is in 1989 deur die Vanderbijlpark-tak gevier. Die Vanderbijlpark-tak het ook as 'n skakelpunt met ander nooddienste op Vanderbijlpark tydens die onluste van die laat tagtigerjare gedien.¹⁷⁰

Die Rooikruis van die Vaaldriehoek het hulp verleen aan streke waar daar nood was. Nadat dele van Natal gedurende 1987 deur 'n vloed geteister is, het die Natalse Rooikruis-vereniging ook die Vaaldriehoekse Rooikruis om hulp genader. Die Vaaldriehoekse Rooikruis het deur middel van straatkollektes en skenkings van sake-ondernemings en van lede van die publiek probeer om te help om die nood van 50 000 dakloses te verlig.¹⁷¹

¹⁶⁵ Anon, "Foto: Lede van die Rooikruis ... het bewys dat hulle gereed is", in *Vaalweekblad*, 25.03.1980.

¹⁶⁶ Anon, "Parents watch first-aiders", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.11.1974.

¹⁶⁷ Anon, "Basiese noodhulpkennis al meer noodsaaklik", in *Vaalweekblad*, 29.07.1983; Anon, "Rooikruis samel R13 733 in ", in *Vaal Ster*, 05.08.1983.

¹⁶⁸ P.J.J. Prinsloo, *Die geskiedenis van Vanderbijlpark*, p. 512.

¹⁶⁹ Vgl. T. Feitknecht, "Politik sabotiert den Rotkreuz gedanken", in *Deutsche Wochenzeitung*, 27.10.1986.

¹⁷⁰ Anon, "So is Rooikruis gebore: Al 125 'n helpende hand", in *Vaal Ster*, 15-19.05.1989; Vgl. ook Anon, "Red Cross still aims for relief of suffering", in *Vaal Ster*, 25-29.08.1986.

¹⁷¹ Anon, "Rooikruis vra donasies", in *Vaal Ster*, 05-10.09.10.1987.

Die Vereeniging-tak het homself onderskei deurdat vrywilligers van die tak gedurende 1988 meer as 5 561 ure vrywillige diens gelewer het. Lede van dié tak het tydens die Kamer van Nywerhede se eerstehulpkompetisie van 1988 onderskeidelik tweede en vierde plekke in verskillende kategorieë behaal.¹⁷² Die Rooikruis van die Vaaldriehoek het ook kursusse in noodhulp by nywerhede soos die Unie Staalkorporasie (USCO), *Tubemakers of South Africa* (TOSA) en Vereeniging Refractories aangebied.¹⁷³

Tydens die *township-oorlog* van 1990 het die Rooikruis tente beskikbaar gestel vir uitgesette hostelinwoners.¹⁷⁴ Die Rooikruis het uiteindelik ook onder die gevolge gely van die verminderde klem wat daar sedert 1989 op beskerming en veiligheid gelê is. Die aantal ure wat lede vrywillig diens verrig het, het byvoorbeeld in 1993 tot 1 330 gedaal. Weens veranderde politieke omstandighede was daar teen Julie 1994 'n duidelike klemverskuiwing sigbaar weg van die militêre beskermingsoriëntasie na 'n sosiale versorgingsrol veral in swart woongebiede.¹⁷⁵

9.5.3 ST. JOHN'S AMBULANCE

Hierdie organisasie was op 'n militêre lees geskoei deurdat lede uniforms gedra het en daar 'n rangstruktuur was. Die *St. John's Ambulance* was 'n bekende gesig in die Vaaldriehoek waar mense vanweë 'n verskeidenheid aktiwiteite beseer kon word, soos byvoorbeeld tydens atletiekbyeenkomste, rugbywedstryde en motorwedrenne.¹⁷⁶ Dié organisasie het homself die taak opgelê om tydens oorlogsomstandighede met weerbaarmaking te help. Tydens die oorlog in

¹⁷² Anon, "5561 hours of voluntary duty", in *Vaal Ster*, 15-19.05.1989.

¹⁷³ Anon, "Red Cross renders 5561 hours of public service", in *Vaal Ster*, 25-29.09.1989.

¹⁷⁴ D. Reed, *Beloved country: South Africa's silent wars* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1994), p. 35.

¹⁷⁵ Anon, "Red Cross faces serious problems", in *Vaal Ster*, 27.06-01.07.1994.

¹⁷⁶ Anon, "When sportsmen fall down", in *Vaal Ster*, 12-16.09.1988.

Rhodesië (1966-1980) is byvoorbeeld lesings en demonstrasies by skole gehou terwyl optrede tydens landmynvoorvalle ook behandel is.¹⁷⁷

Die geneesheer-generaal het gesag oor dié organisasie gevoer. Daar was elke jaar 'n parade in Johannesburg wat deur die geneesheer-generaal geïnspekteer is. Uniforms met medaljes is tydens parades gedra. Die reëling het egter na die eerste demokratiese verkiesing van 27 April 1994 verander.¹⁷⁸ Die *St. John's Ambulance* het in die Vaaldriehoek ook aan burgerlike beskermingsoefeninge deelgeneem. Die organisasie het sy eie noodplanne in plek gehad sou daar 'n terreurdaad in die Vaaldriehoek plaasvind. Die persoon wat destyds in beheer van die *St. John's Ambulance* in Vereeniging was, mev. Cynthia Abbot, het lede gereeld gemaan om vir moontlike aanslae gereed te wees.¹⁷⁹

Afgesien van die skakeling met die veiligheidsmagte tydens oefeninge, het die *St. John's Ambulance* ook vir 'n tyd lank aan die einde van die tagtigerjare 'n sentrum by die ou hoofkwartier van die Vereeniging Kommando gehad.¹⁸⁰

9.5.4 AMBULANS- EN BRANDWEERDIENSTE

Die brandweer het in 'n stadium semi-militêr gefunksioneer.¹⁸¹ Sedert die sestigerjare het 'n noue band tussen die brandweerdienste en die weermag ontstaan omdat brandstigting as een van die doeltreffendste wapens van terrorisme gesien is.¹⁸² Gedurende 1970 is uitgesoekte dienspligtiges opgelei om na hulle diensplig as brandweerreserviste te kon optree.¹⁸³ Die eerste span

¹⁷⁷ Vgl. Anon, "Oud-Rhodesiërs dankbaar vir nuwe lewe", *Paratus*, 33(8), Augustus 1982, p. 64.

¹⁷⁸ MAV, p. 108. 05042000. Benade, M., (35) Risiville.

¹⁷⁹ Ibid.

¹⁸⁰ MAV, p. 109. 05042000. Benade, M., (35) Risiville.

¹⁸¹ MAV, p. 204. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

¹⁸² Anon, "Brandweerdienste onontbeerlik", *Byvoegsel tot Paratus*, nr. 4, April 1974, p. i.

¹⁸³ Anon, "Brandweerdienste onontbeerlik", *Byvoegsel tot Paratus*, nr. 4, April 1974, p. ii.

brandweerreserviste van Vanderbijlpark is in 1974 en die van Vereeniging in Julie 1976 opgelei.¹⁸⁴

Die brandweer- en ambulansdiens het met die Rooikruis, die Noodhulp Liga en die *St. John's Ambulance* geskakel. Stadsrade het beskikbare hulpbronne by hulle noodbeplanning ingewerk en brandweerpersoneel het praatjies by verskillende instansies gehou om mense oor terrorisme in te lig.¹⁸⁵ Die Vereenigingse brandweer het ook die personeel van nywerhede opgelei om selfversorgend te wees en om hulp te verleen.¹⁸⁶

Die ambulansdienste van die Vaaldriehoek was in permanente radio-verbinding met die burgerlike beskerming, die polisie en die fabrieke en was op 'n gereedheidsgrondslag indien 'n noodsituasie sou ontstaan. Lede van die publiek het opleiding in noodhulp ontvang sodat hulle gereed kon wees indien daar 'n bomontploffing sou plaasvind. Daar het wel soms waarskuwings van die regering gekom dat brandweer- en ambulansdienste gereed moes wees vir bomontploffings.¹⁸⁷ Brandweerdienste het spesiale beplanning vir stellages in die Vaaldriehoek soos Rand Water en die kragstasies gehad.¹⁸⁸ Die Vereenigingse brandweer het tydens die aanslag op SASOL I op 1 Junie 1980 een brandweerwa na Sasolburg gestuur.¹⁸⁹

¹⁸⁴ Anon, "Town has effective civil defence plan", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.07.1974; Anon, "Reserviste opgelei in brandbestryding", in *Vaalweekblad*, 23.07.1976; MAV, p. 204. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

¹⁸⁵ MAV, p. 205. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

¹⁸⁶ C., Viljoen, *Vereenigingse brandweergeskiedenis* (Skrywer is ook uitgewer, s.d), p. 13.

¹⁸⁷ Anon, "Vaaldriehoekse stadsrade bied voortreflike ambulansdienste", in *Vaalweekblad*, 18.04.1986.

¹⁸⁸ MAV, p. 205. 22112000, Viljoen, C., (81) Drie Riviere.

¹⁸⁹ Ibid.

9.5.5 DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE DIENS (SAGD)

Die SAGD was 'n outonome weermagsdeel onder die bevel van die geneesheer-generaal.¹⁹⁰ Die geneesheer-generaal was verantwoordelik vir die koördinerings van alle mediese aspekte van die burgerlike beskerming op nasionale vlak.¹⁹¹ Die SAGD het die burgerlike beskerming bygestaan wat die ontwikkeling en uitvoering van geneeskundige aspekte betref en farmaseutiese produkte aan goedgekeurde instansies verskaf.¹⁹² Daar is gemeen dat die SAGD 'n belangrike rol in die verdediging van die tuislinies gespeel het.¹⁹³

Die onlusgeskiedenis van die Vaaldriehoek en die verskillende nasionale steunpunte, soos SASOL, ISCOR en die Vaaldam, het daartoe bygedra dat daar van die kant van die SAGD beplanning was vir moontlike gevaar-situasies.¹⁹⁴ Die hoof mediese groepering van die weermag in Vereeniging was by die militêre basis in Vereeniging gestasioneer. Daar was egter ook 'n sagtevel ambulans en 'n gepantserde ambulans op Bekkersdal.¹⁹⁵

Die mediese personeel van Vaaldriehoekse eenhede en hospitale in die streek het onderling geskakel. Die mediese ordonnansie van die Sasolburg Kommando het byvoorbeeld die Sasolburgse hospitaal besoek om te kyk hoe die noodplan van die hospitaal gefunksioneer het.¹⁹⁶ Die SAGD het in sy jaarlikse waardering die moontlikheid van sabotasie van die Vaaldam in berekening gebring. Aandag is gegee aan aspekte soos noodwatervoorsiening, beserings en higiëne ingeval

¹⁹⁰ N.S. Wasserman, "SAGD se administrasie", *Paratus*, 25(11), November 1974, p. 16.

¹⁹¹ Anon, "70 jaar diens: Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens", *Paratus*, 35(8), Augustus 1984, p. 36.

¹⁹² Notule van kommandement-bevelskaderkonferensie gehou te Nasrec op 18 November 1988, SAGD-aanbieding, Aangangsel G.

¹⁹³ Anon, "SAGD gereed as die nood druk!", *Paratus*, 32(4), April 1981, p. 26.

¹⁹⁴ MAV, p. 31. 15519999, Smit, N.C., (37) Sonlandpark.

¹⁹⁵ Ibid.

¹⁹⁶ Anon, "Vir die eerste keer is mediese ordonnansie van die Sasolburg Kommando...", in *Vaalweekblad*, 17.03.1978.

die Vaaldam sou breek.¹⁹⁷ Die SAGD was gereed om ter enige tyd op te tree in die geval van 'n ramp of 'n noodtoestand. Hulle het met die burgerlike beskerming van die Vaaldriehoek en die verskillende noodhulporganisasies geskakel en is ook op hoogte gehou met die vermoë van hospitale in die streek om 'n situasie te kon hanteer.¹⁹⁸ Die SAGD het verder hulp aan gewondes verleen na 'n skietery by die hostelle in Sebokeng.¹⁹⁹ As gevolg van die wegbeweeg van 'n oorlogstoestand, het die SAGD ook sy visie verbreed, sodat hulp later byvoorbeeld ook op ongelukstonele verleen is.²⁰⁰ Die SAGD was betrokke by die skepping van gesonde menseverhoudinge en die SAGD van die Vaaldriehoek het onder meer tydens sportbyeenkomste van skole hulp verleen.²⁰¹

9.6 SAMEVATTING

Die burgerlike beskerming is destyds as 'n onontbeerlike element van die land se totale oorlogspoging gesien.²⁰² Die plaaslike regering was die finale uitvoeringsvlak van die burgerlike beskerming en moes vir 'n aanvaarbare standaard van paraatheid sorg.²⁰³ As gevolg van die gevaar van vloede en die strategiese posisie van die Vaaldriehoek was die burgerlike beskerming in die streek op 'n hoë standaard. Oefeninge is gereeld gehou en die veiligheidsmagte en noodhulporganisasies is by die burgerlike beskerming betrek. Verskeie

¹⁹⁷ MAV, p. 31. 15121999, Smit, N.C., (37) Sonlandpark.

¹⁹⁸ G. Thiart, "Kundige diens is goud werd", *Paratus*, 43(9), September 1992, p. 10; Vgl. ook MAV, p. 31. 15121999, Smit, N.C., (37) Sonlandpark.

¹⁹⁹ MAV, p. 33. 15121999, Smit, N.C., (37) Sonlandpark.

²⁰⁰ G. Thiart, "Kundige diens is goud werd", *Paratus*, 43(9), September 1992, p. 10; Vgl. ook MAV, p. 31. 15121999, Smit, N.C., (37) Sonlandpark.

²⁰¹ MAV, p. 32. 15519999, Smit, N.C., (37) Sonlandpark; Anon, "SAGD speel sleutelrol in goeie verhoudinge", *Paratus*, 35(12), Desember 1984, p.12; Vgl. ook C. Hattingh, "SAGD is bereid om burgerlikes te help", *Paratus*, 40(8), Augustus 1989, p. 43.

²⁰² Danie Theron krygskool, Teeninsurgensie-operasieshandleiding (Pretoria, 1 Drukregiment, 1986), p. 1/5-59; Vgl. ook A. F. Bosman, *Burgerlike beskerming in die RSA en SWA*, p. 6.

²⁰³ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit, Groep 2, Houer 420, 306/2, Onkonvensionele oorlogvoering, Stafvereiste vir operasiekamer vir burgerlike beskerming.

Vaaldriehoekse dorpe het A-graderings behaal. Die SANL, die Rooikruis, die *St. John's Ambulance* en die SAGD het 'n aktiewe rol in die burgerlike beskerming van die Vaaldriehoek gespeel. Die afskaling van militarisme het daartoe gelei dat teen die einde van 1993 gevoel is dat wyer gekyk moes word as slegs die nood- of ramptoestande waarby die burgerlike beskerming moontlik betrokke kon raak.²⁰⁴ Daar is toe grootliks op vredestrydse dienslewering aan die samelewing van die Vaaldriehoek gekonsentreer.

²⁰⁴ DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Groep 4, Houer 52, 312/1, Burgerlike beskerming noodbeplanning, Faks van kmdt. J. N. Swart aan kmdt. C. J. Sanders, 12.11.1993.